# OPSAAL



2015

# 2015 Chairman's Report

As we head towards the end of 2015 it is once more the time to review the year's weekend away trips and rucksack hikes.

The leaders once again did an excellent job organizing the trips and I thank them all for the effort and time they put in to make the trips enjoyable, and also for their contribution to this edition of Opsaal.

As you read the reports, and view the photos, please give a moment's thought to all the effort that has been put in by Hettie, Wilna and Rose, to make this year's Opsaal possible.

I wish all our club members a very Merry Christmas and everything of the best for 2016.


Mike Wray.

## JAAREINDFUNKSIE 29 NOV 2014



**Die afskeidsfunksie was weer gehou in die Gereformeerde Kerksaal. Aangesien die vorige jaar se skaapbraai deur almal baie geniet is, het ons weer so gemaak en almal teenwoordig was dit eens dat dit die beste keuse was. Die vleis was "uit die boonste gestoeltes" om nie van die heerlike bykosse te vergeet nie. Die tafels was pragtig versier met wit blomme en kerse en hiervoor moet die dames krediet neem.**

**Die tema was wit en swart en die lede het werklik uitgehang met allerlei swierige uitrustings. Edwin in sy "Zorro"-uitrusting wat aan die sy van 'n ewe deftige Thea was, is aangewys as die bes geklede paartjie.**



**Nadat almal lekker gekuier en geëet het, was daar baie gewillige hande om met die opruiming te help en gou was die plek aan die kant.**

**Daar is verder gesellig saam gekuier en hopelik sal daar hierdie jaar weer 'n heerlike saamtrek gehou word.**

HETTIE LOURENS REDAKTRISE








ROBERTSON WINERY
DRY RED

## WHISKEY CREEK - KEURBOOMSRIVIER

## 29 JAN- 1 FEB 2015

Wat 'n heerlike afskop vir 2015, toe 10 van ons met kano's gevaar het op die Keurboomsrivier tot diep in die kloof van die Whiskey Creek! Sommiges het gehoop om volgens die legende, 'n sopie whiskey diep in die skeur van die Whiskey Creek te geniet, terwyl ander soos Linda dit sommer by voorbaat ingepak het!

Ons groepie bestaande uit Sarel, Hanlie, Jurie, Linda, Jeannette, Wilma, Doug, Rose, Carol en Esther vertrek vroeg Vrydagoggend vanaf KABBASH, die woning van die Kingwill's in Keurboomstrand, na die vertrekpunt by die Forever Resorts waar ons toegerus word met kano's, spane en reddingsbaadjies.

Vernoem na die Keurboom, is hierdie reservaat 'n woud van inheemse bome met 'n oorvloed van plantlewe. Die oomblik toe ons die punt verbysteek waar geen motorbote verder toeglaat word nie, omhels die stilte van die majestieuse Stinkhout- en Outeniqua Geelhoutbome ons met die hoë skaduarms van die Ouman-se baard .

Die strelende geluid van die waterspatsels wat die roeispane in die donker waters kerf word afgewissel deur die tjiek-tjiek gekwetter van Bontvisvangers met hul lang swart snawels, en die kontras van die hees kau, kau, kau van die groen Knysna Loerie met hul koninklike rooi vlerke. So om en by elke 2 km verbreek ons hierdie musikale simfonie om by idilliese strandjies piekniek te hou en te swem. Die bewustheid van God se skepping is so intens dat 'n groepie van ons spontaan begin sing aan "♪ Majesteit, glansryke heerlikheid ♪ ".

Binne 7 km, en heeltemal te gou, bereik ons die luukse Whiskey Creek oornaghut omring deur waters en bome, sonder mensgemaakte inmenging. Ons word bederf deur 'n volmaakte aand, waar Jurie sy kennis van die sterre en planete stil - stil met ons deel, terwyl Sarel vuurmaak en idees uitdink vir die konsert wat sou volg ! !

Dit is met 'n onwillige teësinnigheid dat ons die volgende oggend die waters weer terug volg, heelwat stadiger as die vorige dag. Een nag is beslis te kort . . .

**ESTHER VAN ROOYEN**








DTM 2235



# KEURBOOMS STRAND 29 JAN TOT 1 FEB

Ons het lekker in die bed kuier voor ons opstaan om nog ‘n heerlike dag te begin by Kabbash. Linda het tandepasta geruil vir ‘n boudsalfie maar later teruggeskakel na tandepasta. Die oggend is ons saam met ‘n vriendin van Jeanette, wat ons deur hulle privaatgrond geneem het na diep binne die Whiskey Creek vallei. Jane het ons geneem op ‘n paadjie wat deur haarself uitgelê is na ‘n landpunt waar ons kon afkyk op Whiskey Creek. Daarna het ons op ons boude afgegly na onder tot by die rivier en hard met die grond kennis gemaak. Ons het langs die rivierbedding gestap en gegly tot by ‘n pragtige poel met ‘n wondelike waterval. Natuurlik het al die stappers dadelik die poel verken en lekker geswem. Middagete is ook langs die poel genuttig. Ons is met ‘n steil, opdraende terug na die huis en toe terug na Kabbash vir ons laaste aand se kuier om die braaivleisvuur. Douglas het elke aand geduldig vir ons gebraai en daar is heerlik geeët en gekuier om Jeanette se eetkamertafel. Sy het ons lus gemaak vir ‘n staptoer in die Oos-Kaap met die DVD wat sy van hul vorige ekspedisie vir ons gewys het en almal was vuur en vlam vir die volgende Oos-Kaapse toer. In die aand is ons vyf meisies weer terug na ons kothuis waar daar gesellig gekuier is tot ons bed toe is.

Sondagoggend is ons vroeg op en besig om in te pak en reg te maak vir ons laaste stap op Keurboomstrand voor ons in die pad val. Na ‘n heerlike stappie en swem was dit tyd om die pad te vat om Linda by Thyme Again af te laai waar sy verder gaan uitkamp het by Stormsriviermond.





Ons kuier en eet ‘n “brunch” en val daarna in die pad. Esther, Carol, Wilma en ek probeer die dag uitrek en kuier al die pad terug George toe. By Knysna draai ons af na The Heads en ry eers die prentjiemooi pad tot bo-op. Daar staan ons en kyk na die Featherbed, The Heads en al die rotsfomasies. Daarna stap ons tot voor op die rotse en klouter oor al die asemrowende formasies. Hierna eet ons ‘n broodjie en drink elk ‘n glas wyn om die naweek af te sluit. Ons ry na George en geniet mekaar se geselskap asook die rus wat na so ‘n wonderlike naweek deel word van jou. Almal was dit eens: Whiskey Canoe Trail, ons kom weer in 2016!!

**HANLI TOWNSHEND**







# EAGLE FALLS 20-22 FEBRUARIE 2015

Vrydag die 20ste Februarie het ons stuk-stuk by Eagle Falls se karavaanstaanplek aangeland. Die wind was so sterk dat dit ‘n hele paar kampers gekos het om vas te hou aan ‘n tent, sodat die tentbewoner sy penne kon inslaan en nie die lug ingeswiep word vir ‘n onbeplande ballonvaart vlug nie! Soos die son begin water trek het, het die wind ook rustiger geword en ons kon heerlik in die lapa vuur maak en braai.

**Saterdag** op Eagle Falls

Ek was al met die eerste dowwe lig van die dag wakker, maar het luiweg lê en niks-dink. Mens mag mos. Later, voor die wekker afgaan, begin mens die tent-ritse een na die ander deur die dun oggendlug hoor soos enkele stappers die badkamers besoek of water in ketels gooi. Dan klink ‘n paar heserige “Goeie môre, lekker geslaap?” gesprekke op waarin die rede vir min slaap een van die volgende was: “die hond het my wakker gehou” of “heupbene is seer, want die matrassie was bietjie dun” of “koud gekry, het nie genoeg warm goed gebring nie”. Maar gou-gou was die slaap-gesigte afgevee, vinnige ontbyte voorberei en vere reg geskud vir die stap-van-die-dag.

Net voor ons begin, arriveer die groepie van George – Jeff, Salome en Lesley met Elsa al die pad van Mosselbaai af. Ons vertrek net na die son sy strale op die gras voor die tente begin gooi het. Almal slaak ‘n sug van verligting oor die koelerige weer, want baie gedagtes was by 2014 se ontsettende hitte. Sekuriteits reelings is verskerp na die vorige jaar se amper-baie-groot-drama toe Jan en Georgie verdwaal het.

Die ry van 20 (?) stappers het stelselmatig agtermekaar tussen bosse en oor rotse met die steilte opgeryg. Aan die ander kant is die opwindende gedeelte. Jurie het een van Sarel se dik toue vasgemaak vir ‘n veiliger afgaan, terwyl van ons sommer die agterent gebruik het om sit-skuif-sit-skuif die steil afdraand aan te pak. Mens val nie baie ver as jy klaar sit nie. Oral was hulpvaardige hande en spanwerk het gesorg dat die groep sonder gebeurtenis by die groot poel aankom.

‘n Paar brawe swemmers het die oortrokke weer en koue water aangedurf, terwyl die meeste sit en peusel het aan hulle tweede ontbyt. Ek vra jou terwyl die trane in my oë bewe – waarvoor anders pak mens dan smulkos in as jy dit nie kan geniet in die ongerepte natuur nie? En ja, daar het wel ‘n paar trane geval, nou nie oor my peuselkos nie, maar uit dankbaarheid vir die Almagtige grootsheid van ons Hemelse Vader wat die wonderskone skepping vir ons geskenk het om te kan geniet.

Die terugtog het weereens ‘n lang kronkelende ry gevind wat oor rotse, tussen bosse, langs kranse en onder takke geloop het. Ons het van wit-verf-kol tot wit-verf-kol die pad langs die stroompie terug gevind en groot was die verligting toe elke laaste een veilig by die kampeerplek opdaag. Jeff en sy terug-George-toe-maats het midddagete gebraai terwyl die res kwylend moes wag vir aandete braai, maar ons het dit vir hulle gegun – die arme mensies wat moes terugkeer.

Na die laat middagete het 'n paar wie se energie nog nie opgebruik was nie, entoesiasties nog 'n pad gaan stap terwyl die wat nie meer so vars gevoel het nie, hulself skuins gelê vir 'n oog-toe-maak-tydjie. Dit was toe dat die harde reën wat voorspel was die oggend uitgesak het.

Supper on a hike is 99+1% of the time a braai, which again was the case at Eagle Falls. Fold-up chairs were un-folded in one large circle, where Mike was highly worried that some people might just mix green tea and beer? Apparently this is a sacrilege. But then ... who knows what a bunch of hikers might do? Oh yes, they can surely act quite ... quite weird, I can assure you. For example, after the braai, the likes of Eddy, Doug and Suléne scrounged the overflowing dustbin for empty beans and beer tins!?! By this time, most of the folk have tucked themselves comfortably into bed, while the young-of-heart (eerrrr?) Geoff, Rose and Hanli joined the 3 scroungers for a game of Heather-inspired-Ladida. Much hysteria was found at the lone table while from the safety of their caravan, Rina was wondering why the excessively noisy group was calling up hadida's with much stomping of beer tins.

What a fantastic day with awesome people. I still giggle hysterically when I think of it.

SULENE TAYLOR





**SONDAG**


Dit was 'n besonderse koue Februarie-nag en van ons het soos verkluimde hoenders die Sondagmôre uit ons tente gekruip. Tom het opgemerk dat ons volgende keer in die somer moet kom! Maar helaas, die son het geskyn en 'n paar van ons is agter die karavaanpark die berg uit vir 'n 10km stap. Dit is by tye 'n redelike growwe grondpad wat ons op en oor die bergagtige deel van die plaas geneem het. Dit bied baie mooi uitsigte oor die vallei, met pragtige plase wat aan die voet van die Kammanasieberge lê. Op 'n gegewe oomblik is daar besluit om 'n rukkie te sit om te rus en vandaar kon ons weer in die Langkloof afkyk. Met die terugkeer was die karavaanpark al redelik gestroop van ons maters wat opgepak en op pad terug was. Slegs Heather, Hanli, Doug en myself het kans gesien om in die poele onderkant ons kamp te gaan lyf natmaak en natuurlik die "foefie-slide" weer te geniet! Die water was wel koud, maar Doug, ek en Heather is met die "foefie slide" die water in.

Die eerste keer is Heather, behoorlik soos 'n sweefspoor-artieste met 'n dramatiese "summersault" die water kop eerste in, wat ons natuurlik laat skaterlag het ; sy het nie besef sy moet laat los voordat die tou sy einde bereik nie. Gelukkig het sy nie seer gekry nie en sommer besluit sy moet dit 'n tweede keer ervaar- so "practise makes perfect" Well done, Heather.

Met ons terugkeer na die tente, het ons gou weer 'n vleisie op die kole gebraai. Daarna is tente opgeslaan en huiswaarts gekeer.

Weer eens het ons groep Eagle Falls terdeë geniet. Met 'n volgende besoek sal ons met Tom moet konfedereer vir 'n datum in die somer.. **ROSE KUYPER**

**Heather, you go girl!!**







EAGLE FALLS



# KANON TOT GLENTANA 4 – 8 MAART 2015

Welke wonderlike en uitdagende ervaring het ses van ons gedurende Maart gehad met die drie dae se stap tussen Kanon en Hartenbos.

Ses van ons klublede, Suléne Taylor, Annette Erlank, Hettie Lourens, Sharon Kerr, Nico Van Strypp, myself en twee besoekers, Lynette du Toit en Eunice Strydom het die aand van 3 Maart ge-arriveer te Hartenbos, gekuier en die planne gefinaliseer vir die volgende drie dae. Ons was baie bederf deur ons gasheer Nico, wie ook die huisvesting verskaf het. Hettie Lourens en Sharon Kerr sou vir drie dae 'n alternatiewe roete stap maar die noodlot het ingegryp en Hettie was beseer en kon dié twee, tragies, nie die drie dae saam met ons geniet nie.

Die oggend van 4 Maart vertrek ses van ons kort na 05:30 per voertuig na Kanon, wes van Vleesbaai. Interessant, gedurende die 17 de eeu het 'n skip met kanonne daar gestrand – en vandaar die naam!! Van Kanon stap ons deur bossieveld, strandlangs, oor rotse, deur onbegaanbare indringerbosse en reeds vroeg spog ons met bloeiende arms, bene en seer "voetjies" – nou nie almal nie!! Die George Herald het 'n week later die "evidence" van my beserings gepubliseer!! Ons geniet die mooiste denkbare natuurskoon. Die roete neem ons verby Vleesbaai, Boggemsbaai met die eintpunt Danabaai. Reeds vroeg was konsensus bereik dat die afstand 30 kilometer en nie die beraamde 27 kilometer was nie!! Ons arriveer moeg maar relatief ongedeerd te Danabaai. Die aand het ons lekker saam gekuier en ons sielkundig voorberei vir dag twee!!

Douvoordag vertrek ons op dag twee vanaf Hartenbos na Danabaai. Die natuurskoon tussen Danabaai en Mosselbaai is onbeskryflik! Deur inheemse plantegroei en die uitsig op ons pragtige see is idillies mooi. Die roete neem ons verby die Pinnacle Point gholfbaan waar die reën op ons wag!! Die 13.5 kilometer van Danabaai tot by Mosselbaaipunt was maar die begin!! Van die punt deur die besige Mosselbaai – waar ons die beste vis en skyfies genuttig het - waarna ons die lang afstand na Hartenbos afgelê het.

Van die punt deur die besige Mosselbaai – waar ons die beste vis en skyfies genuttig het - waarna ons die lang afstand na Hartenbos afgelê het. Totale afstand vir die dag so 27 kilometer!! Die aand weer heerlik gekuier, grappies gemaak en mekaar nog beter leer ken. Ons klub het die mees wonderlike, behulpsame en vriendelike lede!! O ja, ons wonde moes maar gedurig aandag kry. Annette en Suléne beveel ek sterk aan as dokter en verpleegster onderskeidelik.

Dag drie was tussen Hartenbos en Glentana, alles strandlangs. Ek kan nie veel daarvan vertel want na dag twee het my "voete aan die blase gesit". Omdat die vier van die groep wat wel dag drie gestap het redelik vroeg terug was het ek uitgewerk dat hulle teen 5 of 15 kilometer per uur gestap het!!! Op my vriendelike ondervraging was die kommentaar deurgaans – "ons praat nie uit nie"!! Nou laat ek dit vir die geagte lesers om die kloutjie by die oor te kry!!

Opsommend – 'n ondervinding van 'n leeftyd. Sal dieselfde roete weer wil doen.

**ERNEST LAMPRECHT**













***OP 'N LIGTER NOOT***

***Prayer of a tired walker:***

*" if you pick 'em up, oh Lord, I will put 'em down"……….*



***Hiking tips***

**Did you know sleeping bags reflects body heat back to you. So you can reflect the most body heat by sleeping naked.!.*

**In an emergency, use the drawstring from a parkahood to strangle a snoring room or tent mate…*

*…*

***A narrow escape…***

***Two male hikers** were undressing in the shelter. One noticed the other was wearing women's tights. "Why are you wearing those?!" "Because they keep my legs warm."*

*"Wow, I never would have thought of that. How long have you been using them."*

*"Since my wife found them in my backpack…."*

------------------------

*The tendency nowadays to wander in wilderness is delightful to see. Thousands of tired, nerve-shaken, over-civilized people are beginning to find out that going to the mountains is going home; that wildness is a necessity; and that mountain parks and reservations are useful not only as fountains of timber and irrigating rivers, but as fountains of life.*

***John Muir, Our National Parks***

# BOESMANSKLOOF 15- 17 MEI 2015

Hulle sê as jy amper doodgaan, dan speel jou hele lewe voor jou af - in ‘n “*split second*”, ‘n stadige aksieprent soos in ‘n “*slow movie*”. Toe Doug vir Salomé uit die koue swempoel in Boesmanskloof probeer trek, toe gly sy terug op die gladde rotse en hy gryp ‘n klein boompie en swaai soos Tarzan oor die water en dit is soos ‘n “*slow motion movie*”; buig, buig, buig tot oor die water en op die laaste oomblik toe “*balance*” hy terug.

Drama as Berg-en Dal stap vanaf Greyton na die Galg. Die naam klink baie onheilspellend, maar toe hulle middagete by die water kom, was dit helder sonskyn en lekker warm en soos altyd was Jeff Lester eerste in die water, Salomé daarna en uiteindelik het Doug ook ingegaan,

maar hierdie keer op ‘n meer rustiger manier, - nie “*swinging*” nie en met swemklere en nie ten volle geklee nie. En toe Rose. “*Exhilirating*”,



lewensverhelderend, tintelend. Die koue water laat nie bloed stol nie; eerder laat dit die hart vinniger klop. Dit maak die kop skoon en spoel alle dooie velle af. Vir dié gesworе swemmers is dit altyd die hoogtepunt van enige stap. As jy na die tyd langs die water sit en die son kielie jou kaal vel, dan weet jy - ek lewe!

Maar dit was nog ‘n hele ent na die Galg. En reeds daardie môre het die groep van 17 vir twee ure lank geklim tot bo by Breakfast Rock. Daardie eerste lang stop vir brekfis is altyd ‘n wenner. Die warm Rooibostee uit die klein warm fles smaak soos nektar van die gode en daardie oorskiet wors van gisteraand se braai en die halwe braaibroodjie is die beste brekfis. Maar nie lank nie skreeu iemand “Opsaal!” en daar gaan die groep weer.

In Boesmanskloof gaan mens oor die nek net na Breakfast Rock en dan strek die pad wat jy moet stap ver voor jou uit. ‘n Wonderlike gesig van klowe en berge, maar jy kan sien dit is eers kwaai afdraende en dan weer kwaai opdraende en daar ver sien jy ‘n boompie. Jy kan dit nie eintlik sien nie behalwe dat daar so min bome is dat die knoets wat daar in die verte op die oorkanste berg sit seker ‘n boom is en dié wat reeds daar was verseker jou dit is ‘n boom en dit is die bestemming waarheen ons op pad is; dit is waar die Galg is.

Na die swempoel loop ons heel gemaklik en redelik gelyk vir ‘n paar kilometer en dan is daar ‘n baie steil opdraende wat jou op neem tot by groot uitgrawings wat blykbaar ‘n pad is wat die owerhede begin bou het net voor die Tweede Wêreld-Oorlog. Daar was een of ander delfstof ontdek aan die MacGregor kant van die berg en ‘n pad wat deur die kloof loop tot by Greyton het belangrik geword.

Gelukkig vir ons stappers het die oorlog gekom, geld het opgeraak en die myn was ‘n mislukking. Nou is daar geen rypad nie, net ‘n kort stukkie tot bo by die Galg en ‘n lekker storie om oor te praat wanneer bene moeg raak en die pad lank raak teen die einde. Nou hoekom die Galg? Nee, nie een van die 17 stappers kon dit antwoord nie maar ons het lekker gespekuleer oor dat dit dalk ‘n tronk was en ‘n plek waar slawe of misdadigers aan die einde van hul lewe gekom het. Die Galg bestaan uit ‘n klompie woonstelletjies wat in ‘n ou groot opstal blyplek voorsien. Ons het 3 eenhede gehad; Nommer 4 waar die 3 getroude pare in een groep geslaap het. Elke eenheid het sy eie kombuis, ten volle toegerus en ‘n badkamer. Alhoewel elkeen ‘n eie slaapsak moes dra, was daar kussings en ekstra komberse. Die res het in eenhede 6 en 7 geslaap waar daar so 6 in ‘n kamer geslaap het en waar die kuierplek was. Dit was nou rugsakstap met gerief.

Die groep het gedurende die dag half opgedeel en in “*drips* en *draps*” by die Galg aangekom. ‘n Vinnige groep met Edwin, Thea, Nico, Phillip en Jurie was eerste en kort op hul hakke Jeff en Sulene Taylor.

. Die middel groep was Salomé, Geoff Lester, Lesley en Chinky en nie ver agter nie Willemien en daarna het Rose, Doug en Rina agter gestap om Mike te ondersteun wat bietjie swaar gekry het. Die middag het almal mettertyd gestort en wasgoedjies buite opgehang en daar in die son het die klomp gesit en nonsens praat.

Sommiges het koffie gedrink en iets lekker by geeët en later is die koue wyn of ander versnaperings uitgehaal. Binne het ons die vleis gebraai en Boesman TV gekyk en die kuier was ‘n fees.

Die volgende oggend het ons vroeg in die pad geval om weer die pad terug te stap. Almal was dit eens dat dit makliker is om terug te stap Greyton toe as na die Galg maar steeds was daar die kwaai opdraende tot bo op die nek.

Daar het Rina haar sak gelos en terug gehardloop om Mike se sak te gaan haal - waardeer jy haar genoeg, Mike? Aan die einde kon ons by Greyton ‘n lekker warm stort vat voor die pad terug na George toe aangepak is. ‘n Groot deel van die groep het by Riviersonderend gestop vir die beroemde pasteie. ‘n Baie lekker afsluiting vir ‘n hoogs suksevolle naweek.

**SALOMé VAN WYK**








# NATURE’S VALLEY 19-21 JUNIE 2015

Sommige vertrek al vroeg Vrydag na Nature’s Valley. Sarel, Ernest en Jurie lui die naweek in deur 8 km na Pig’s Head en De Vaselot te stap vir ’n verkenningstog. Die deurtog deur die Groot rivier het ons amper laat vassit in dryfsand maar ’n ent stroomop kon ons maklik deur die rivier kom.

Die res van die groep sluit later aan en die aand word daar lekker om die braaivleisvuur gekuier.

Saterdag het vol verrassings uitgedraai. Wilma het ernstige verkoue opgedoen en besluit om eerder tuis te bly in die bed om die bobbejaan te verwelkom terwyl Ina, Estelle en ’n paar van die ander die dorp en die Botaniese Tuin gaan verken het.

Wilma het egter aan die slaap geraak en die bobbejaan moes homself in die kombuis help en het chaos veroorsaak sonder dat sy wakker geword het. Hy het so lekker gekuier dat sy maag hom in die steek gelaat het. Toe Ina en Estelle terugkom moes hulle vloer skoonmaak en probeer red wat te redde was. Die aand se nagereg het egter in die slag gebly.

Die res het gaan stap en het die opdraende op, afdraende af en weer op, deur die Soutrivier vanaf die Restaurant aangepak.

By die uitkykpunt bokant die Soutrivier is ’n langbroek, baadjie, hemp en ander klere onder ’n bos naby die afgrond gekry. Dit het bespiegeling laat ontstaan van ’n selfmoord oor die afgrond in die afgeleë woesteny waar selde mense kom. Daarvandaan is met die Rugpad na die Keurpad en via Kalanderkloof terug na Natures Valley gestap. Die totale roete was 19.6 km in ’n besonder mooi omgewing van woud, riviere, heuwels en die pragtige Kalanderkloof met sy talle besonderse groot Geelhoutbome. Dit is ’n C-roete as gevolg van die afstand en die baie op en af oor heuwels en deur dale maar almal het dit geniet en saamgestem dit is ’n besonder mooi roete

Sondagoggend is die roete via De Vaselot en Pig’s Head weer aangepak in die teenoorgestelde rigting as Vrydag en het die verkenningstog van Vrydag goed te pas gekom en so het almal die uitsig vanaf Pig’s Head geniet.

**JURIE ERASMUS**







# WINTER-FUNKSIE HEROLD WINES 27 JUNIE

Herold Wines is geleë aan die sonnige noordekant van Cradock Piek, die hoogste deel van die Outeniqua bergreeks, en word aan drie kante omring deur ‘n natuurreservaat. ‘n Hoogte van tussen 650m en 700m bo seespieël, mis wat dikwels voorkom op die berg, ysige winters en goeie reënval deur die seisoen bring mee dat die groeiseisoen verleng word. Op Saterdagoggend 27 Junie het 42 lede verskeie voertuie volgepak en is ons die berg oor na Herold. Dit was ysig toe ons aanland waar warm koffie en tee en die vriendelike gasheer, Nico Fourie en sy vrou Maureen, ons ingewag het. Dit het so effe gehelp maar ons het so spoedig moontlik aan die stap gekom om op te warm.

Die roete het die stappers geneem op ‘n gemaklike pad deur die besondere fynbos. Van die lede het besluit om die paadjie te stap wat lei in die rigting van Breakfast Rock en die minder avontuurlistige groepie het besluit om dit rustig te vat en gouer terug te keer na die koffiekan toe wat steeds op die tafel gewag het.

Nadat almal terug was, is die groep deur die kelder geneem waar Nico gewag het om ons in te lig oor die geheime van wynmaak. Hy het verskeie van sy eie bottels oopgemaak en daar is terdeë geproe aan die heerlike wyn.

Hierna het die lede om die etenstafel byeengekom waar Maureen en haar helpers lekker warm Lasagne, slaai en nageregte voorgesit het. Die koue het gemaak dat almal goed gesmul het. Weer is koffie en tee voorgesit en almal het nog gekuier. Een na die ander het almal traag begin regmaak om terug te ry.

Dit was die klub se tweede besoek aan hierdie afgeleë en idilliese plek en sekerlik nie die laaste keer nie. Daar is verskeie oornag geriewe en miskien kan dit oorweeg word vir ‘n wegnaweek aangesien dit ook nie te ver is om te ry nie.

**HETTIE LOURENS**





## ANYSBERG 24-26 JULIE

Nog nooit van Anysberg gehoor nie? Dis een van Natuurbewaring se nuutste reservate. Vanaf Ladismith moes ons nog so 76km wes ry in Laingsburg se rigting. Wat ‘n besondere stuk natuurskoon in ons pragtige land! Om ons te verwelkom, was daar ‘n spekvet trop gemsbokke en ‘n bietjie verder ook nog koedoes en rooi-hartbeeste.
Edwin het vir ons plek bespreek in die knus, netjiese huisies wat van beddegoed en breekgoed voorsien was. In SEPS het Edwin, Thea en Douglas geslaap. Jurie, Estelle, Sarel en Ina was in AGAMA tuis. Mike, Rina, Geoff, Sulene en Henco in CHAMELEON. Laatste, maar nie die minste nie, het AGAMA die 6 vrolike “girls” Esther, Salome, Rose, Linda en Ursula gehuisves.
Die Vrydagaand se braai skop af op die stoep by een van die huisies. Nie eens die koue kon Berg-en Dallers se geselligheid demp nie. Met musse, serpe en handskoene word daar gesels en geskerts terwyl die dierbare manne vuur maak en braai. Thea se potbrood was ‘n bonus by die braai. Nog voor die vuur buite uitgebrand was, was die kaggel in AGAMA al aan die knetter om die gesellige samesyn aan te moedig totdat almal gaan inkruip het.
Die volgende oggend lyk die weer maar triesterig, maar die stappers is vrolik en vol afwagting vir die onbekende. Deur koue, reën, wind en son stap ons deur ‘n groot verskeidenheid plantegroei en natuurtonele tot by die kamp TAPFONTEIN waar ons middagete nuttig.

Op pad hierheen het die uitleg van die sterrestelsel in die vorm van mosaiek-bedekte klippe ons opgeval en baie vrae ontlok. Na 20km het party van ons se ledemate begin ongelukkig raak en kla en kon ons by Jurie en Sarel inklim vir die laaste 8km wat die brawes trotseer het. Twee reenboë het ons terug verwelkom toe die son weer kop uitsteek. Na ‘n lekker stort was almal gereed vir ‘n vroeë braai wat later weer voor die kaggel afgesluit is. Salome het weer baie pret besorg toe ons aangesê is om twee waar en een onwaar stelling omtrent onsself op te dis - nogal ‘n interessante manier om mekaar te leer ken!
Sondagoggend nadat ons besin het oor ons Skepper se goedheid en stil geraak het voor Sy Almag, is ons kloof toe. Met die 4x4’s is ons oor rowwe terrein tot waar ons kon begin stap. Die klim en klouter en riviertjies kruis, was die moeite werd. Ons was in beswyming oor die besondere waterval en wou die skoonheid net staan en indrink. Hier het ons koffie ekstra lekker gesmaak. Ons dank aan ons Skepper vir die groot bederf van Sy handewerk want soos Henco sê: “dis mooier en lekkerderder as wat dit MAG wees”. Elke voertuig het ‘n ander roete terug George toe gekies ( o.a. deur Seweweekspoort ) en die sneeu op sommige berge het die mooi van die naweek afgerond.
Groot dankie aan Edwin en Thea vir al die reëlings.
**LINDA HALGRYN**








ANYSBERG





**GOODBYE ARMIN AND DORIS JANDT SEPTEMBER 2015**

It was on the 15th of August 1982, that the BMW Company that Armin worked for, transferred them to South Africa. In 1989 they moved from

Pretoria to Rheenendal, where they farmed with cattle. During 1995 they moved to George. Doris joined the team at Fancourt and could not always get leave, but Armin did many day-, and longer hikes with our club.

On the 5th of September, we said our good bye's to Armin and Doris. It turned out to be a pleasant but sad day at Ebb and Flow, where we had a bring and braai, after a lovely walk down on the beach. During the informal ceremony, those who hiked with the couple, shared some special moments with the rest of the group.

Sarel said that at first he didn't like Armin, but learned to love him, and they became best buddies! Doug remembered Armin on the Drakensberg hike. Armin surprised us all one evening with a lovely Spaghetti Bolognaise for supper, which he cooked himself. The chain ladder at Mount Aux Sauce was a highlight to Armin, because he managed to climb the ladder to the top of the Drakensberg. He had a hip replacement some time beforehand. Lesley also remembered Armin on that hike as well as on the Naukluft in Namibia. I remembered how Armin hated the rocks in the riverbed on the Naukluft hike. I sang a little song that was borne over there. It's on the tune of “Dem stones, dem firestones."

"Dem stones dem stones dem river stones,
Dem stones dem stones then Armin groans,
Dem stones dem stones then we all groan,
Dem stones dem Naukluft stones!“

Doris - What do one say about her? Always a lady and always soft spoken and in control of the situation. I remember how she supported me on the Wild Coast hike, when I needed a shoulder to cry on. Thank you, dear friend.

It was good to have known you and thank you for all the lovely times we had together. We, as members of the Berg and Dal Hiking Club, wish you all of the best for your future back in your home country, Germany.

Many blessings, **ROSE KUYPER**

# MIN WATER 21-23 AUGUST 2015

For me the drive to Calitzdorp is always special. The layers of mountains in the distance and the open spaces just bring a peace to my soul. It was a treat to have a mass of daisies welcoming Sarel, Rose, Doug, Eddie and myself to Minwater, and although the sand road with its rocks and potholes made me very nervous in the Combi at times, the cleanliness and setting of the site made it all worthwhile. It was easy to find a place to put up our tents under those beautiful trees, and then we could just relax and enjoy the birds,…. and the stillness. (Perhaps I notice it more than others as it is such a contrast from city life?) Betty Fisher, a friend of Rose, joined us after lunch.

Eddie and I went for a short walk in the late afternoon and as the sun went down, the light on the flowers - mauve, yellow, white - was to beautiful. Although there weren't masses of flowers all over, we were privileged to have Louis Jordaan, the owner, walk with us for about 1½ hours on Saturday morning, pointing out and identifying such a variety of flowers etc. which we often don’t even notice. His knowledge of and passion for the area is incredible and made us wish he could have joined us for longer. He told us all sorts of interesting facts, e.g. how the ‘butterfly’ flower only opens to expose it’s nectar when the bee sits on the appropriate petal! All this just heightened our awareness of the greatness and detail of God’s Creation.

We all took our time to reach the top of the hill from where there is a fantastic 350 degree view of all the mountain peaks in the distance - Swartberg, Seweweekspoort, Towerkop etc. Well done to Eddie who also made the steep climb even though he doesn’t walk that often now!

Time around the fire is always special and it was fun to see how some of us took the bare minimum to make meals easy with very little washing up and others love to cook things they don't normally cook at home to have a really delicious meal – which one are you like? The "mozzies" were very persistent and weren't to concerned about the Tabard we all used. The ablutions were spotless and the buckets of heated water that were pulled up, made great showers - thanks to those who prepared them for us!

On Sunday morning Rose, Doug, Eddie and Betty enjoyed a cooked breakfast, while Sarel and I went for a short walk as I had to sadly, leave by 12. Once again I got home, so grateful for the opportunity to enjoy much of the beauty of this area and for the friendship of the Berg-en-Dal Club.

**HEATHER DAVIES**









MIN WATER



## DIE FYNBOS STAPROETE (tussen Stanford en De Kelders) 4-6 SEPTEMBER 2015

Wat ’n belewenis was dit – en op sy beste in die maand September wanneer al die speldekussings en derduisende fynbosspesies blom. Hierdie bewaringsgebied is gevorm deur ongeveer 50 grondeienaars waarvan Grootbos Natuureservaat die grootste aandeel het en die ander is plaaseienaars. Dit is verblydend om te sien dat soveel grondeienaars belangstel om grond te herstel en te bewaar.
Ons was slegs 4 persone – Chinky, Sulene, Ursula en Tappies.

**Dag 1** is kort, 6.6 km en ons het eers 12:00 begin stap, eers deur ‘strandveld’, toe deur ’n antieke melkhoutbos met reuse verwronge stamme wat om mekaar draai. Hierdie melkhoutbos is een van slegs 8 van hul soort in die wêreld met bome wat honderde, indien nie duisende jare, oud is nie. Die woud is ‘n ‘woudeiland’ wat met fynbos omring is. Van die melkhoutbome is meer as 800 jaar oud is. Daarna deur velde van proteas (ongelukkig reeds uitgeblom) en op na Pinnacle Peak met fantastiese uitsigte oor die hele Walker Bay en Dyer Eiland. Ons oornag by die Fynbos Retreat in ‘n lieflike gerieflike hout chalet ten volle toegerus, pragtige tuine, binne kaggel, buite pizza-oond, slaapplek vir 8. Chalets kan gehuur word selfs al stap jy nie – daar is ook ‘n 2-man chalet en ene wat 14 – 20 kan huisves.

**Dag 2**, Is die langste dag 12.5 km – ’n mosaiek van fynbos – proteas, speldekussings, ericas, buchus, restios, memetes, en talle meer fyn blommetjies.

Dan oor ’n stroompie en van hieraf baie blou fonteinbos en ander “wetland” fynbos. Dan weer af in ’n kloof en sprokiesmooi woud met ‘n pragtige waterval.
Daarna kronkel die paadjie om die hange van Grootberg met pragtige uitsigte oor die Lomond wingerde en dam. Ons het nie Grootberg se kruin geklim nie, maar daar is ‘n 360º uitsig daar bo.




Hierdie dag is die speldekussings oorweldig- end en daar is geen woorde om dit te beskryf nie. Die nag slaap ons op Witkrans plaas, weer in ’n knus selfsorg huisie.

**Dag 3** is 9 km, oor verskeie privaat plase en terug na die Grootbos Natuurreservaat. Met nog meer fynbos - ander soorte wat ons nog nie voorheen gesien het nie. Hierdie dag het ’n stormsterkte wind ons gepeper en het ons ook nie bo-oor die Swartkransberg (514m) gegaan nie, maar onderom terug na waar die motor geparkeer was. Dit was ‘n 3-dag, 2-nag roete en daar is ook ander dagstappe wat daar gedoen kan word as mens slegs vir ’n naweek wil gaan. Die roetes en omgewing kan hoogs aanbeveel word.

**CHINKY TALJAARD**





FYNBOS ROETE

## SENIORSTEE BOTANIESE TUIN 2015

Ons seniorstee is elke jaar ‘n gesellige en feestelike gebeurtenis - iets waarna ons almal (seniors en komitee) 2 keer per jaar, in Februarie en Oktober, na uitsien. Dis vir ons komitee ‘n genot en vreugde om ons seniors se onderlinge ontmoetings, weersiens en geselskap dop te hou. Alles die moeite werd. Ons wil dit nie mis nie!

Teen 10vm is die motors geparkeer en het elk homself met sy stoel, tafeltjie en teemandjiie onder die bome ingeruim. ‘n Komiteelid verwelkom almal teenwoordig. Ons samesyn word altyd met Skriflesing en gebed geopen. In al die jare, sedert die stigting van Berg-en-Dal het ons spontaan ons Skepper as ons Bron en Gewer aanbid. Ek glo dis die basis en hartklop van diep vriendskappe. Hoe blywend en bindend.. heerlik!

Tradisiegetrou word met elke geleentheid melktert bedien. In Februarie is druiwe volop en verskyn dit ook op die spyskaart. En om almal tevrede te stel mag die gewilde botterkoekies nie ontbreek nie.

Op 13 Oktober het Salome van Wyk 2 kollegas van Millers Prokureurs genooi en is ons op ‘n duidelike en interresante wyse ingelig omtrent testamente en boedels. Gratis advies en inligting word by hulle kantore in Meadestraat aan belangstellendes gebied. Maak gerus gebruik daarvan. Nogmaals dankie aan Millers Prokureuers, asook die verversings wat voorsien was. So word daar keer op keer heerlik gekuier en bande versterk. Na ongeveer 2 ure vertrek elkeen weer “zyns weegs”.

Mag dit goed gaan met al ons seniors! Ons is baie lief vir julle almal – elkeen is so spesiaal en kosbaar! Ons vertrou ons mag weer ontmoet in 2016.

My innige dank aan Berg-en-Dal se bestuur wat al die jare 'n sagte plekkie vir ons kosbare seniors het.

Doe so voort.

SONJA VAN WALBEEK.



## OOSKAAP STAPPE 17-24 OKTOBER 2015


Gedurende Oktober het 7 van ons verskillende roetes in die Oos-Kaap gaan verken. Saterdag, die 17de, het ons namiddag by die San Park kantoor in die Woody Cape deel van die Addo Olifant Park gearriveer. Dis net buite die dorpie van Alexandria. Daar het ons in 'n toegeruste huis oornag. Die staproete begin en eindig by die San Park kantoor en dis ook waar ons die motors gelaat het.
Vroegoggend het ons begin stap en gou was ons in Langebos, wat die beskermde Alexandria Staatsbos is. Ons was baie beÏndruk deur die pragtige groot bome, onder andere Koraal, Wilde Vye, Melkhoute en nog vele meer. Jurie het ons belowe ons sal by een van die groot ou reuse vir verversings stop. Dit blyk toe 'n Outeniqua Geelhout te wees, so ons het baie tuis gevoel. Daar is ook 'n menigte van voëls. Alhoewel ons min van hulle kon sien, het hulle ons die hele tyd met hul sang vermaak. Na ongeveer 12km bereik ons die see en in 'n fris windjie het ons strandlangs aangestap tot by baie interessante rotsformasies, waar ons met verwondering na sand-watervalletjies gestaan en kyk het. As gevolg van wind word sand op die rotse gewaai om net op 'n volgende keer soos water na benede te stort en onder op 'n piramide-hoopie te vergader Dis egter nog strandlangs aan en in totaal 5km, voordat ons die strand moet verlaat .... met 'n tou die hoë duin uit. Glo my, dis harde werk. Met 'n gestoei en gesukkel kon almal darem kom tot by 'n stel trappe wat energie vereis om te klim!!; en dan is jy bo, om net met die volgende duin getrotseer te word. Gelukkig was die sand hard en het dit makliker gegaaan. Bo gekom, moes ons net eenvoudig anderkant af en nie uit eie keuse - als deel van die roete. Was dit 'n oefenloop vir die volgende dag? Dan stap ons bo-op die duine in kus-fynbos tot by die Woody Cape hut. Ons was nie die enigste groep op die roete nie, maar alles het goed uitgewerk met die

slaapreelings. In totaal het ons 22 km gestap.
Die volgende oggend stap ons weer deur kus-fynbos tot ons die sandduine betree. Die duineveld is 14 000 ha groot en het minstens 1800 duine. Dit strek vanaf die Sondagsriviermond naby PE tot by Woody Cape, 50 km verder. Dit is die grootse see-duineveld in die Suidelike halfrond en is op Unesco se tentatiewe lys om as 'n Wêreld Erfenis Gebied verklaar te word (9de vir SA).
Vir die volgende 6 km stap ons die duineveld wat fasinerend is. Dis nie net sand nie. Daar is soms grasse en selfs struike wat plek-plek groei. Ons het gewonder hoe die plante oorleef.
Die roetewysers is rooi voetjies aan 'n lang paal en dit neem ons duin op en duin af. Die af was vir my heerlik - mens kon sulke reuse tree gee en in die proses teen die styl duine afgly.
Die roete swaai later weg weer die bos in. 'n Deel van die laaste 5 km was nie vir ons baie aangenaam nie. San Parke moes die roete verander en in die proses is ons aan die kant van 'n plaas met 'n onmoontlike styl opdraende op, wat ons na die sandduine, nogal broos laat voel het. By die huis aangekom, was almal se gevoel dat hierdie mooi roete beslis 'n C gradering kry. Die totale km vir die dag was 14. Die aand was almal egter uitgerus en lus vir die volgende dag se avontuur.
Hier is die groep se kommentaar:
**SULENE**: "Die tou was woes!"
**JURIE**: "Lekker by die Grootboom gerus, wat maar net nie wou kom nie!"
**PHILIP**: "'n Hoogte wat net 'n trekker kan uitklim!"
**JACOLISE**: "Teenstelling tussen woud, sand-woestyn, see en vergesigte.“
**NICO**: "Hoogs verras met die Oos-Kaapse woude en voëllewe."
**DOUG**: "One of the nicest and interesting hikes I did".










# ASSEGAAI ROETE

Dinsdag die 20ste, vertrek ons vroegoggend in die rigting van Grahamstown om op Ray en Sheila se plaas die Assegaai Trail te gaan stap. Ons parkeer onder die mooiste groot wildevye bome en word hartlik deur Ray verwelkom. Dis redelik warm en Ray beveel 'n roete aan. Daar is verskillende opsies en almal is baie duidelik in kleur gemerk. Ons slaap nie oor nie en stap dus die hele roete van 14 km in een dag. Die roete neem ons al langs 'n stroompie en onder bome deur waarvan baie se name op plaatjies geskryf en aan die boom vasgemaak is. Heelwat van die bome kom nie hier by ons voor nie dus was dit baie interresant om soveel bome op die roete te kon waarneem. Die roete lei ons later op tot by 'n pragtige uitkykpunt by name van Glenfield Cliff, waar ons afkyk op die kronkel-lyf van die Assegaai rivier. Nie lank daarna daal die voetpad af na die Rock Bottom Camp, waar 20 stappers kan oornag. Dit bestaan uit 'n houtdek rondom 'n reuse Boerboon-boom aan die oewer van die Assegaai rivier, en aan die voet van die majestueuse Glenfield Cliff. Dis keurig beplan en ons is jammer ons slaap nie oor nie. Wat ons wel doen is om in die rivier te swem om af te koel. Dis was 'n baie warm dag en die koue water was heerlik verfrissend. Na middagete, stap ons met 'n effe korter roete terug. Die voetpad lei ons op na 'n plato waar ons wild waarneem, weer onder bome deur,
verby 'n dam met 'n lapa en aan tot by ons voertuie. Toe ons na die stap stomend warm op die grasperk sit-lê, het Ray aangebied dat ons in die Assegaai Sentrum (op sy plaas) se swembad kan gaan afkoel. Weereens verfris na die koue water kon ons koers kies na Mosslands, waar ons bespreek was om in die Reed Cabin te slaap. Die aand het Nico vir ons heerlike kerrie-hoender opgedis vir aandete. Selfs Jurie wat se "wat!!!, hoender met skubbe aan?", het saamgesmul!

Groeps-kommentaar:

**SULENE**: "Die waterslang van 30cm lank, was langs my verby in die rivier!"
**JURIE**: "Die hitte was 34grade C!"
**PHILIP**: "Rockbottom Camp was 'n hoogtepunt en uitstekend uitgelê."
**JACOLISE**: "Die kameelperde met hul kleintjie asook die ander wild was spesiaal."
**NICO**: "As ek weer hier by Rockbottom Camp kom, gaan ek vir 3 dae bly!"
**DOUG**: "Well laid out and an interesting and enjoyable hike, but hard. I found the afternoon easier than the morning. Had more energy after the swim."






ASSEGAAI SE HOUTDEK

## MOSSLANDS

Woensdag die 21ste. Ons is hier om Ingrid Moss van die plaas Mosslands, se Two River Trail te stap. Deel van die pakket is dat ons net dagsakke dra en die res van ons bagasie word per sleepwaentjie na die ou huis, waar ons die nag moet oornag, aangery. Die roete neem ons deur bos en bome en op hoogtes met mooi uitsigte oor die plaas. Dis egter nie so versorg soos die Assegaai roete nie, maar tog heel aangenaam. Deur die loop van die oggend se stap, bespreek Jurie die moontlikheid om ook hierdie 2-dag roete in een dag te doen. Die rede is dat ons die volgende oggend dan meer tyd sal hê vir oppak en aanry na die Baviaanskloof. Dit geval ons almal. Nog voor middagete is ons al by die oornag-huis en Jurie reël dat ons bagasie terug geneem sal word na Reed Cabin. Die roete terug neem ons langs die Kariega met baie mooi uitsigte oor die rivier. Dan stap ons op 'n stuk van die "Old Bay Road" wat deur Andrew Bain in 1844 gebou is. Dit was die eerste pad wat Grahamstown met PE verbind het. Dan op en af oor 'n paar heuwels, oor 'n damwal en terug tot by die Reed Cabin wat op die oewer van die Kariega rivier gebou is. Dit was vir almal heerlik om sommer net rond te sit en die mooi van die rivier voor ons te geniet.

Groeps-kommentaar:

**SULENE**: "View from the Reed Cabin was very relaxing."

**JURIE**: "Dryf julle lekker aan om 2 dae en 20km in 1 dag te doen!"

**PHILIP**: "Assegaai rivier se wenteling, omsoom met woude, is baie indrukwekkend."

**JACOLISE**: "Reed Cabin voor die dam is baie stappers-vriendelik."

**NICO**: "Uitsigte van hoër af en die visarend se roep was 'nhoogtepunt. Laagtepunt: Mosslands was bietjie van 'n teleurstelling na die vorige twee stappe.“

**DOUG**: "The second part of the hike was a bit boring. The dam wall was raised with sandbags, which cause us to battle through mud and water next to the river."



MOSSLANDS



KARIEGA RIVIER



KARIEGA RIVIER GESIEN VANAF REED CABIN

## BAVIAANSKLOOF

Donderdag die 22ste. Gou is ons opgepak en oppad na die Baviaanskloof. Ons ry verby die een wildsplaas na die ander en die omgewing is ruig bebos. Hier en daar het ons wild gesien. Die Oos-Kaap het baie reën gehad en dis groen en pragtig. Ons ry verby Hankey (hierdie omgewing was die tuiste van Khoi-San en dis waar Saartjie Baartman te ruste gelê is). Ons stop in Patensie, en dan aan na die kloof. By die Oos-Kaapse Natuurbewaring se kantore by Komdomo, verkry Jurie vir ons 'n permit en spoedig ry ons die Reservaat binne. Dit is 'n WOW-ervaring: (WONDERLIKE, ONGEREPTE WONDERWERK). Die Baviaanskloof Natuurresservaat is 'n Wêreld-Erfenis Gebied en begin by Komdomo aan die oostekant en strek tot by Willowmore in die weste, 250km verder

Die vallei van ongeveer 200 vierkante kilometer, word omsoom met die Baviaanskloofberge aan die noordekant en die Kougaberge wat suid lê - die 3de grootste wildernis-gebied in SA, en beskik oor 'n groot verskeidenheid bome en plante. Net te veel om op te noem.

Ons ry stadig en stop kort-kort wat ons kans gee om die pragtige rotsformasies en majestueuse berge, klowe en valleie te kan indrink. Dis oor ruwwe bergpasse en af na die vloer van die vallei waar ons kort-kort oor laagwater-bruggies deur water ry. By 'n piekniek plekkie diep in die vallei, stop ons vir middagete. Dan weer verder, tot ons laatmiddag by ons bestemming, die Langhuis, aankom. Elk kies 'n bedjie vir die volgende twee aande en ons beplan ons aandete en die volgende dag se stap.

Vrydag die 23ste ry ons net 'n kort afstand na Grootkloof om daar die volgende avontuur te gaan ervaar. Ons (nie-amtelike) gids is Skollie, die hond. Die is glo baie ywerig om met almal wat wil stap, saam te gaan. So stap ons verby die mooiste klapperbosse vol in blom, die kloof binne. Dis werklik besonders. Ons stap en hop, spring en klouter oor klein en groot en nog groter klippe. Soms moet Skollie opgehys word na bo, maar daar was altyd baie gewillige hande vir die takie. Daar groei bome in die kloof, oa wildevye bome, wat hoog bo ons koppe die son gaan haal. Die kloof is diep en plek-plek nou, om dan net weer bietjie wyer uit te kring. Na 'n paar groot rotse wat ons met behulp van boomtakke na bo kon klouter, stop water ons en besluit ons dit sal ons omdraaipunt wees. Die terugstap was weereens belonend met die son wat plek-plek op reuse varings geskyn het. Hier het ons 8 km gestap. By die motors aangekom, is besluit om terug te gaan Langhuis toe vir middagete. Twee van ons het selfs gaan lyfnatmaak in die rivier daar naby. Na middagete het amper almal op die gras onder die groot ou boom voor die huis gelê en lui word. Later is ons almal egter weer in die motors om die keer na die Boesmantekeninge te gaan kyk. Van ons het ook 'n tweede kloof probeer verken, maar daar was net te veel wilde bye wat in bome hul neste gemaak het. Die aand het almal weer om die tafel in die kombuis aangesit vir aandete en vir die laaste maal heerlik saam gekuier.

Die volgende oggend het ons koers gekies huis toe.
Dit was 'n wonderlike nuwe stap-ervaring van by die 80 kilometer. Baie dankie aan Jurie wat dit vir ons gereël het en ook vir hom en Nico wat hul voertuie beskikbaar gestel het.
Groeps-kommentaar op RY en BLY(stap):

**SULENE:** "Stunning views the whole time!
Bokloof het ek baie geniet - dis wonderlik!"

**JURIE:** "Moes net klou aan die stuurwiel oor die skurwe pad oor berge en deur dale!
Ons bly in die Langhuis met elk sy eie bed en genoeg kamers.
Bokloof tussen steil kranse, meters vanaf mekaar, is baie besonders."

**PHILIP:** "Hankey en Patensie is sulke anderse ou dorpies en besonders met die Khoi-San en Saartjie Baartman. Die uitsigte op Baviaans se kronkel- paaie. Nico se snelle vaart deur die waters het sulke branders laat opkom - ek wou sommer begin surf! Langhuis is laaaank!
Bokloof is BO plus die steekbye by die Boesmantekeninge**!"**

**JACOLISE**: "Ek het lekker gesit en alles geniet, ook Jurie se bakkie wat in die water in 'n gat weg gesak het.
Dis uitsonderlik - funksioneer vir stappers."

**NICO:** "Was lekker om in my bakkie in die Wildernis gebied te kon rondry.
Skollie-hond en Boesmantekeninge is baie spesiaal."

**DOUG**: "Baviaans was a highlight. It was nice and relaxing, and my first time. Well worth the visit. It's spectacular with a rough road in places.
Bokloof is my kind of walk - clambering up and down the rocks. It causes excitement. It's different and interesting. It is not a hard hike but a good one. I love the area and the environment."

**ROSE KUYPER**













# *AFSKEIDSFUNKSIE*

# *21 NOV 2015*

Hierdie jaar se afskeidsfunksie was 'n swierige affêre by Wildernis Hotel met die drag as antiek-sjiek en daar is behoorlik uitgehang. 'n Paar van die dames was selfs in pels getooi vir die koue weer. Pryse is toegeken aan die bes geklede paartjie Geoff en Sue Carter, bes geklede man Ernest en Rose as bes geklede dame. Vir die beoordelaars, Colin Halgryn, Roelien Erasmus en Pauline Lester was dit geen maklike taak nie. Almal was behoorlik opgedollie en party skaars herkenbaar omdat ons mekaar meestal in voetslaanklere sien.

Die aand het afgeskop met 'n verwelkomings drankie op die balkon. Nadat Mike die verwelkoming gedoen het, is daar aangesit en het die lede hulself kon bedien by die buffet. Op die spyskaart was 2 vleisgeregte, slaai, groente, malva poeding met vla en roomys. Almal kon na hartelus skep en daar is soos gewoonlik lekker gekuier tot laat.

**HETTIE LOURENS**








# JONGENSFONTEIN-STILBAAI - 26-29 NOV 2015

Op Donderdagmiddag het Sharon, Hettie, Rona, Lenie en Hanli uit ‘n sopnat George vertrek na Jongensfontein. Naby Mosselbaai was ons baie dankbaar om blou lug te sien alhoewel die windjie nog yskoud was. Die woonstel was ‘n verrassing - pure 5-ster! Ruim en baie gerieflik met alles wat oop en toemaak in die kombuis. Tot DSTV ingesluit waarvoor ons nie eintlik tyd gemaak het nie. Ons het ingeboek en elk ‘n koers ingeslaan om die omgewing te verken.

Rona het sommer die eerste aand al bewys dat sy die vleisbraai tegniek deeglik onder die knie het en met die gerieflike onderdak braaiplek het ons gou aangesit en daarna rondgesit en ginnegaap tot slaaptyd. Vrydagoggend het Tom by ons aangesluit en is ons vroeg uit Stilbaai na die beginpunt van die Skulpies Natuurreservaat. Hierdie roete bestaan uit ‘n hele klompie kort paadjies. Dit begin by Morrispunt en volg die kontoere van die duine en dit was redelik op en af. Die hoogtepunt was die pragtige Melkhoutboom-bos. Ons was dankbaar vir die koelte want teen hierdie tyd het die son skerp geskyn en groot bome was maar skaars aangesien dit meesal fynbosgebied is. Verskeie spesies voëls en selfs ‘n bokkie is gesien. Die hele roete bied ‘n asemrowende uitsig op die oseaan.

Ons het ook die visvywers bekyk wat net by laagwater te sien is. Hierdie unieke vywers is geskep deur die Khoi oor die vorige 3 eeue. Dit is gebou met mure van rotse en kleiner klippe wat dan ‘n soliede muur vorm wat plat bo-op is. Dit moet ook op ‘n vlak gebou word wat ten minste 0.5 – 10m met water bedek word soos die golwe inkom met hoogwater. Poele vorm dan van verskeie groottes en dit werk op die beginsel dat met hooggety tydens springgety, visse oor die rant binne-in die poele swem vir kos. Soos die gety dan begin draai word die vis binne-in vasgekeer en dit kan maklik verwyder word uit die byna leë vywer . Die vywers word tans nog gebruik deur plaaslike boere en ander.

Vrydag het Julie en Kenny opgedaag. Die aand het Andrea en Amanda wat by Nanno Evenhuis se Stilbaai-huis tuis was, by ons kom braai. Ook Tom en Margie het opgedaag en toe was daar meer as genoeg manne wat die braaiwerk kon doen. Saterdagmôre se stap vanaf Jongensfontein na Stilbaai is bespreek en saamryreëlings is getref.

Die Southern Right-roete strek oor 11km en ons het begin in Jongensfontein en al langs die kuspaadjie, wat goed in stand gehou word tot in Stilbaai, gestap. Pragtige rotspoele geleë tussen die buitengewone rotsformasies het lekker swem-plek gebied maar niemand het kans gesien vir swem in die yskoue wind nie. Die fynbos hier was ook mooi en voëls en dassies was volop. Ons het ook afgekom op ‘n walvis wat kort gelede daar uitgespoel het - wat ‘n karkas massa!Ons was aanvanklik van plan om die roete weer terug aan te pak maar algaande is daar deur die meeste besluit genoeg is genoeg. Net Nanno, Andrea en Amanda het kans gesien om terug te loop. Saterdagaand is daar by Nanno se huis gebraai en almal was teen hierdie tyd baie honger na die dag se stap.

Sondagmôre is daar weer vroeg uit die vere geklim vir ‘n kort stappie in die Pauline Bohnen reservaat wat kort by die Toerisme-kantoor

begin het. Hierdie is ‘n groot reservaat met verskeie lopies en is geleë binne die woongebied met paadjies wat oral tussen die huise loop. . Wat ‘n wonderlike plek om in te kan bly - dit is soos een groot tuin. Hier was vele voëlspesies onder meer pragtige rooi vinke met neste tussen die riete. Daar was, volgens die brosjure, ook bye korwe en ons is gewaarsku om nie die bye kwaad te maak nie maar gelukkig het ons dit nie raakgeloop nie. Ons het ‘n ent verder langs die westelike oewer-roete van die Goukourivier gestap tot waar dit in die see inloop en meeste van die roete was op ‘n geplaveide pad en redelik gelyk. Na hierdie stappie is ons uiteen na ons onderskeie tuisplekke om te gaan inpak en skoonmaak. Ons en Tom en Margie het eers ‘n vis middagete gaan eet by die hawe restaurant en het maar traag die terugtog aangepak huistoe. Almal was dit eens dat dit ‘n wondelike naweek was. Die feit dat ons al Donderdag daar aangekom het, het ons tyd gegee om feitlik al die roetes te kon stap in Jongensfontein sowel as Stilbaai.

**HETTIE LOURENS**





